Publication: Rapport, Weekliks
Date: 12 Mar 2017
Page: 11

# Die koeël en die kerk



**Die gay-debat moet gesien word teen die agtergrond van 'n evangeliese boodskap van insluiting, skryf Chris Jones.**

Die Bybel is oor eeue heen baie negatief en destruktief gebruik. Daar is heelwat voorbeelde hiervan in Suid-Afrika, Afrika en elders in die wêreld.

In die groter Afrika is dit deur koloniste en sendelinge gebruik om soveel wat mooi is in tradisionele Afrika-kulture te vernietig.

Ons ken almal die uitdrukking: Toe die sendelinge hierheen (Afrika) gekom het, het ons die grond en hulle die Bybel gehad. Hulle het ons leer bid. Toe ons ons oë uitvee, het hulle ons grond gehad en ons hul Bybel.

Meer spesifiek in Suid-Afrika is die Bybel as dié dokument gebruik om apartheid te regverdig, maar terselfdertyd was dit ook die meesterteks in die stryd téén apartheid (slawerny is nog 'n goeie voorbeeld hiervan).

Ek is dankbaar vir Frits Gaum se bydrae verlede Sondag in *Weekliks* ("Regsekerheid nodig oor gay-besluit").

Oor die tersydestelling van die NG Kerk se goeie 2015-besluit oor selfdegeslagverhoudings, móét daar sekerheid kom rakende (vermoedelik bedenklike) kerkordelike en prosedurele besluite.

Maar gelyklopend hiermee moet daar ook teologies voortdurend gereflekteer word oor hierdie saak wat baie mense se lewe regstreeks of onregstreeks raak. Die teologiese fundering ten gunste van hierdie verhoudings/verbintenisse van álle gay mense, moet toenemend uit die Bybel duideliker gemaak word vir gelowiges.

En dit kan!

Volgens my (en sovele ander) is die oorheersende strekking van die evangelie dié van insluiting. In die gesprek oor selfdegeslagverhoudings raak ons egter dikwels verstrengel in enkele Bybelse teksverse.

En ons weet, soos die geskiedenis ons leer, dat tekste op verskillende maniere geïnterpreteer en uitgelê kan word. En ons elkeen wil so graag aanspraak daarop maak dat die eksegetiese en hermeneutiese sleutels waarmee óns werk die verantwoordelikste en die korrekte is.

'n Mens moet egter uiters versigtig wees om nie die evangelieboodskap oor 'n bepaalde saak deur 'n paar tekste te filtreer nie, want só kan jy maklik die dieper strekking en gerigtheid daarvan verskraal tot iets wat dit nie is nie.

Dit kan min of meer soos volg verduidelik word: Wanneer 'n skoot afgevuur word, beweeg die koeël al langs die loop van die geweer totdat dit anderkant uitgaan. Nóú het dit 'n bepaalde trajek. Nadat dit die loop van die geweer verlaat het, kan die rigting van die koeël nie verander word nie.

Dieselfde geld die Bybel. Vir my is die dominante spreekwoordelike koeël wat dwarsdeur die Bybel loop, dié van radikale insluiting. Dit is waarheen die evangelie ons wil neem! Ons, soos ander post-Bybelse geslagte, bevind ons aan die "ander kant van die loop". En op geen manier sal ons hierdie Bybelse "trajek" van insluiting kan verander nie. Ons probeer ja, maar slaag nie daarin nie. Ons mis hierdie "trajek" soms net op tragiese wyse.

Die kerk hét al hierdie radikale insluiting totaal gemis – eintlik ondermyn – soos om te bely dat geloof alléén genoeg is, maar dan allerlei "plusse" by te voeg. Om te glo is belangrik, maar jy moet besny wees. Of jy moet weer gedoop word. Of jy moet 'n man wees om in 'n kerk te preek. Of jy moet heteroseksueel wees om 'n dominee te wees – of as jy homoseksueel is, moet jy selibaat leef!

> "Op geen manier sal ons hierdie Bybelse 'trajek' van insluiting kan verander nie. Ons probeer ja, maar slaag nie.

Die slegste van alles is dat die kerk deur die eeue hierdie "plusse" teologies regverdig het en só die trajek van onvoorwaardelike aanvaarding en radikale insluiting totaal gemis het.

Só 'n teologie van insluiting is egter skrikwekkend radikaal. Dit is bedreigend. Dit gaan saam met die afsien en prysgawe van mag. Want niemand kan hierdie radikaliteit werklik reguleer nie.

Die boodskap van Christus is ongetwyfeld 'n inklusiewe een en daag die kerk elke keer uit wanneer hy kategorieë van uitsluiting (probeer) bewerkstellig.

Dink hier maar net aan hoe Jesus dié wat voorheen uitgesluit was, ingesluit het: die Samaritaanse vrou, die hoofman, die onaansienlikes, die vrou wat andersins gestenig sou word . . .

Genadiglik is Christus se insluiting nie afhanklik van óns interpretasie van sekere Bybelverse nie!

Ons sien in die Bybel dat ook Paulus hierdie pad volg, beklemtoon 'n Stellenbosse teoloog onlangs weer in 'n gesprek. Hoe veranderde omstandighede en onverwagte situasies by Paulus aanleiding gegee het tot radikale insluiting. Dit het bepaalde prosesse aan die gang gesit, soms teen Paulus se wil en natuurlike neiging in. Heidene, onbesnedenes en slawe word ingesluit – mense wat vroeër om tradisionele redes vanselfsprekend uitgesluit is.

Die evangelie is volgens hierdie teoloog paradoksaal soos onder meer blyk uit die gelykenisse oor die laastes wat eerste sal wees, die hoogmoediges wat verneder sal word, die ongenooides wat uiteindelik aan die tafel sit. En hierin gaan dit oor die omverwerping van alle vooropgesette idees of tradisionele waardes. En dit geld volgens hierdie kollega veral vir mense wat volgens geykte opvattings uitgesluit behoort te word, maar, deur hulle in te sluit, die gangbare kategorisering van mense deurbreek.

Die evangelie bevat dus kragtens sy eie geskiedenis en sy eie getuienis die vermoë om op verrassende wyse bane van insluiting oop te breek en vas te lê, asook om voorsiening te maak vir situasies wat nooit voorheen voorsien kon word nie.

Die belangrike punt is dat alles nie vanaf dag een onveranderlik vasgelê is (in enkele teksverse!) nie. Die impak en krag van die evangelie lê daarin dat dit vernuwend wil inwerk op hierdie wêreld en daarom relevant vir nuwe tye en voorheen onbekende omstandighede kan wees. Die "trajek" van die dominante boodskap van die evangelie kan jy nie verander nie.

'n Mens kan dit nog anders stel: Daar is 'n sterk evolusionêre ontwikkeling in die Bybel aanwesig en 'n mens moet in jou verstaan van die evangelie op die spoor van hierdie stuwende krag kom. Waartoe neig dit? Vir my is dit ongetwyfeld na 'n duideliker wordende radikaliteit van insluiting!

Ons neig egter tot tydlose waarhede. En dít vind ons dikwels in geselekteerde Bybelse teksverse, want dit gee sekuriteit en beheer.

Ongelukkig laat hierdie soort proses jou nooit toe om jou op die bevrydende en insluitende radikaliteit van die evangelie te verlaat nie.

■ **Dr. Chris Jones is 'n teoloog verbonde aan die Universiteit van Stellenbosch.**

This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission